# Die roeping van die kerk in 'n veranderende Suid-Afrika

**D J C van Wyk**
**Universiteit van Pretoria**
**Tydelik-deeltydse dosent: Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap (Afd A)**

**Abstract**
**The mission of the church**
*In this article an extensive survey of the purpose, the methods and the contents of the late David Bosch's seminal work,* ***Transforming Mission****, is presented. On the basis of this survey, preliminary critical observations are made concerning the mission of the church in a new South Africa. It is argued that Bosch's contribution is of crucial importance for all future reflections on the foundations of mission.*

## 1. INLEIDING

Die persoon en die werk van David J Bosch het nie in die Nederduitsch Hervormde Kerk wye waardering en bekendheid geniet nie. Daarvoor mag daar 'n verskeidenheid van redes bestaan. Een van die belangrikste redes is sekerlik die aversie wat gedurende die jare 1950-1990 in die Hervormde Kerk teen die ekumeniese teologie en sy verteenwoordigers bestaan het. Daarmee word nie gesê dat David Bosch deur en deur ekumeniese teoloog was nie. In die jare toe die onderskeiding tussen *evangelicals* en *ecumenicals* nog relevant was, sou ons hom waarskynlik meer tot die eerste groep wou reken. Maar in sy magistrale werk, *Transforming Mission*, wat ook die laaste omvangryke publikasie voor sy tragiese dood in 'n motorongeluk in 1992 was, word hy ongetwyfeld een van die helderste verwoorders van 'n nuwe paradigma wat volgens hom besig is om te verskyn.

Oor die gegrondheid al dan nie van die negatiewe beoordeling van die ekumene in die Nederduitsch Hervormde Kerk gedurende die genoemde tydperk sal 'n gebalanseerde oordeel nog verwoord moet word. So ook oor die vraag of Bosch reg was met sy visie van 'n nuwe paradigma en dan die ekumeniese wat aan die verskyn is.

* Lesing gehou tydens 'n simposium van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika oor die roeping van die kerk in die 'nuwe Suid-Afrika' op 28 Oktober 1994.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Maar wat vasstaan, is dat die onbekendheid met en die onderwaardering van veral hierdie laaste werk van Bosch baie jammer is. Want hy was nie net Nuwe-Testamentikus en veral sendingteoloog van wêreldformaat nie. Ook sy borende denke oor 'n ontwikkelende ekumeniese paradigma binne die raamwerk en teen die agtergrond van belangrike verskuiwings in wetenskaplike, filosofiese en teologiese denkpatrone die afgelope eeu en langer, kan net tot groot verarming van kerk en teologie en veral die kerk se sending, gering geag word. Vir die nadenke oor die roeping van die kerk in 'n nuwe Suid-Afrika is die werk van Bosch onontbeerlik.

Indien in hierdie artikel daartoe bygedra kan word dat hierdie werk van Bosch wat ook al weer enkele jare oud is, óf vir die eerste keer óf opnuut onder die aandag in eie kerklike en teologiese kring kan kom, sal die moeite beloon wees.

## 2. KORT AANDUIDING VAN DIE INHOUD

Met die gebruik van die adjektief *transforming* in die titel van sy boek, toon Bosch enersyds aan hoedat die verstaan en beoefening van sending oor twintig eeue verander het. Daarin maak hy ook gebruik van die idee van paradigmas en paradigmaverskuiwings. Die strekking van sy werk is dat die proses van verandering nog nie beëindig is nie, maar dat die sending hom tans midde-in een van die ernstigste sodanige paradigmaverskuiwings ooit bevind. Die verdere strekking van die titel is dat sending nie net self verander nie, maar ook voortdurend besig is om die omringende werklikheid te verander.

Breedvoeriger as in van sy vorige werke (kyk Bosch 1979:2-11) staan Bosch in *Transforming Mission* stil by die krisis waarin die sending tans verkeer. Gedurende die afgelope drie eeue het sending 'n konnotasie gehad met die koloniale ekspansie van die Westerse wêreld na die nie-Christelike wêrelddele, later bekend as die Derde Wêreld. Daar was 'n sender, die gestuurdes en ontvangers. Dit was as onbetwisbaar aanvaar dat die senders die gesag het om dit te doen (Bosch 1991:1). Sending was ook sterk geassosieer met die verowering van nuwe terreine asook die ander godsdienste. Die inhoud van die onderhawige publikasie handel vir 'n groot deel oor die aanduiding van hoe hierdie tradisionele sendingbegrip in die loop van die twintigste eeu geleidelik verander het, asook 'n ondersoek na die faktore wat tot die verandering gelei het (Bosch 1991:2). Al dié faktore maak dit noodsaaklik dat sending op die agenda van die teologie sal bly. As Bosch die faktore skets wat die krisis in sending meegebring het, bedoel hy krisis nie as die einde van 'n geleentheid nie, maar as die begin; krisis in die sin van die punt waar gevaar en geleentheid ontmoet (Bosch 1991:3).

Die basiese stelling wat Bosch in sy werk wil verdedig en toelig, is dat die gebeure, veral sedert die Tweede Wêreldoorlog, en wat 'n krisis in die Christelike sending tot gevolg gehad het, nie insidenteel was nie. Inteendeel, dit het ontvou as die


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

resultaat van 'n fundamentele paradigmaverskuiwing, nie net in teologie en sending nie, maar in die ervaring van die hele wêreld. Hy wil verder die feit beredeneer dat hierdie paradigmaverskuiwing nie die eerste is wat kerk en wêreld ervaar nie. Elke paradigmaverskuiwing het die einde van een wêreld aangedui en die geboorte van 'n ander, waarin baie van wat mense voorheen gedink en geglo het, herdefinieer moes word (Bosch 1991:4).

'n Volgende kerntese van die boek is dat dit nie moontlik is om 'n hersiene definisie van sending te gee sonder deeglike aandag aan die wisselende lotgevalle wat sending gedurende die afgelope twintig eeue se kerkgeskiedenis ervaar het nie. Daarom word in 'n groot deel van die werk die kontoere van opeenvolgende sendingparadigmas nagevors. Dan word dit gou duidelik dat op geen stadium gedurende hierdie twintig eeue daar van net een teologie van die sending sprake was nie. 'Instead of trying to formulate one uniform view of mission we should rather attempt to chart the contours of a pluriverse of missiology in an universe of mission' (Bosch 1991:8).

Bosch verwys na die bekende inleidings tot die Sendingwetenskap waar gewoonlik eers 'n Bybelse fundering van sending gedoen word waarna die eksegetiese resultate dan ontwikkel word tot 'n sistematiese teorie of teologie van sending (Bosch 1991:15).

Self wil hy nou 'n ander weg volg. Eers skets hy 'n breë oorsig van die sendingkarakter van Jesus se bediening en van die vroeë kerk. Deur 'n opvolgende diepteondersoek na die verstaan van sending by drie prominente skrywers uit die Nuwe Testament, naamlik Matteus, Lukas en Paulus, wil hy argumenteer dat die Nuwe Testament in vergelyking met die Ou Testament 'n fundamentele verskuiwing in sendingdenke verteenwoordig. Die koms van Jesus en wat daarop volg, dui in dié opsig op die eerste belangrike en kardinale paradigmaverskuiwing.

Soos sy ondersoek sal aantoon, reflekteer die onderskeie Nuwe-Testamentiese outeurs nie 'n uniforme siening van wat sending is nie, maar eerder 'n verskeidenheid van sendingteologieë. Daar kom in die Nuwe Testament ook nie een algemeen-geldende term vir sending voor nie (Bosch 1991:16). Die onderskeie outeurs skryf binne die konteks van 'n ontwikkelende situasie in 'n kerk wat vanweë sy sendingontmoeting met die wêreld nie anders kon as om te teologiseer nie. Hulle was meer geïnteresseerd in die situasie en bestaan van hulle lesers as in 'n definisie van sending.

Die Nuwe Testament, sê Bosch, moet verstaan word as 'n sendingdokument (Bosch 1991:54). Deur 'n in-diepte ondersoek van die drie outeurs, Matteus, Lukas en Paulus, wil hy tot groter klaarheid kom oor wat sending toe beteken het en tot wat dit vandag moet wees. Elkeen van dié skrywers verteenwoordig 'n belangrike subparadigma van die vroeë sendingparadigma.

Die belangrikheid van Matteus lê daarin dat hy as Jood aan 'n oorwegend Joods-Christelike gemeenskap skryf om dié gemeenskap te motiveer en te bemoedig tot sendingbetrokkenheid in sy eie omgewing. Bosch sê die protestantse sendingonderne-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ming van die laaste twee eeue het reg gedoen om hom op Matteus se groot sendingbevel te beroep. Die enigste fout was dat dié perikoop dikwels in isolasie van die res van die Matteusevangelie gehanteer is (Bosch 1991:55) Bosch beklemtoon die eenheid van die Lukasevangelie en Handelinge en sê dat die wyse waarop Lukas die twee volumes van sy geskrif struktureer, dié eenheid van die sending van Jesus en dié van die vroeë kerk demonstreer. Ten opsigte van Paulus sê Bosch dat geen studie oor sendingdenke en -praktyk in die vroeë kerk moontlik is sonder om die geskrifte van die heidenapostel deeglik te verreken nie.

In die tweede deel van sy werk bespreek Bosch die wyse waarop die Christelike Kerk deur die eeue sy sending verstaan en uitgevoer het. Dit is noodsaaklik omdat die Christelike geloof 'n historiese karakter het, dit wil sê: God kommunikeer sy openbaring aan mense deur mense en deur gebeure en nie deur abstrakte proposisies nie. Dit is 'n ander manier om te sê die Bybelse geloof in Ou en Nuwe Testament het vlees geword; die wêreld en realiteit van God het dié van die mens ingegaan (Bosch 1991: 181).

As ons praat oor die betekenis van sending vir ons eie tyd, moet in gedagte gehou word dat die huidige tyd fundamenteel verskil van die periode waarin Matteus en Lukas en Paulus vir die eerste en tweede geslag Christene geskryf het. Die woorde van die Bybelse outeurs kan nie reglynig op ons eie situasie toegepas word nie. Wat wel nodig en moontlik is, is om met kreatiewe en verantwoordelike vryheid die inhoud van die bediening van Jesus en die vroeë kerk na ons eie tyd en konteks uit te brei.

Die implikasie daarvan is om eers te reflekteer op wat sending in opvolgende periodes beteken het en om dan die kontoere van 'n huidige sendingparadigma te trek. Bosch sluit daarin aan by die ontwerp van Hans Küng wat die geskiedenis van die Christendom in ses paradigmas onderverdeel het:

Die apokaliptiese paradigma van die vroeë Christendom.
Die Hellenistiese paradigma van die patristiese periode.
Die Middeleeuse Rooms-Katolieke paradigma.
Die Protestantse paradigma.
Die Moderne Verligtingsparadigma.
'n Ontwikkelende ekumeniese paradigma.

Elkeen van die periodes, sê Bosch, bied 'n eie verstaan van die Christelike sending (Bosch 1991: 182). As ons aanvaar dat selfs die onderskeie Bybelboeke as sodanig nie oorkondes is van goddelike openbaring nie, maar interpretasies van openbaring, dan is dit selfs nog meer waar van opeenvolgende periodes. Dit is 'n illusie om te meen ons

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kan by 'n suiwer evangelie uitkom wat op geen wyse beïnvloed is deur kulturele of ander menslike aktiwiteit nie. Selfs in die vroegste Jesustradisie is die uitsprake van Jesus alreeds uitsprake oor Jesus. Niemand ontvang die evangelie passief nie. Elkeen interpreteer dit. Daarom is dit gepas om nie van 'n Christelike teologie te praat nie, maar van Christelike teologieë. Elke indiwiduele Christen se verstaan van die openbaring word bepaal deur 'n groot verskeidenheid faktore.

Saam met Küng sluit Bosch aan by die paradigmateorie van Thomas Kuhn (Bosch 1991:183). Die Christelike Kerk in die algemeen en die sending in die besonder word vandag gekonfronteer met uitdagings en vrae waaroor daar in die verlede nooit eers gedroom is nie. Daar word geroep vir antwoorde; antwoorde wat relevant is vir die huidige tyd en konteks, maar wat terselfdertyd in harmonie is met die essensie van die Christelike geloof (Bosch 1991:188).

Die huidige uitdagings kan slegs met verantwoordelikheid hanteer word, indien dit beskou word teen die agtergrond van twintig eeue kerkgeskiedenis. Ons het die perspektiewe van die verlede nodig om die wêreld van vandag en sy uitdagings te verstaan.

In hierdie erkenning en verrekening van die onontbeerlike betekenis wat die historiese het vir 'n verantwoordelike en ewewigtige staanplek in die hede, lê een van die groot verdienstes van Bosch se werk.

Na sy uitgebreide ontleding van die inhoud en verskuiwings wat elkeen van die genoemde paradigmas verteenwoordig, kom Bosch in die derde deel van sy werk tot die behandeling van wat hy meen 'n nuwe paradigma in teologie en sending is en wat besig is om te verskyn. Hy noem dit 'n ekumeniese sendingparadigma.

Alhoewel Bosch, soos vroeër reeds aangehaal, stel dat hy 'n ander benadering wil volg as in die talle bekende inleidings tot die Sendingwetenskap waar eers 'n fundering van die sending gebied word en dan 'n sendingteologie ontwikkel word, kom hy wesenlik nie los van dié skema nie. Wat wel waar is, is dat hy in al drie dele van hierdie werk 'n nuwe en prikkelende aanpak bied. Saam met die omvang van navorsing in breedte en diepte stempel dit *Transforming Mission* tot een van die heel gesaghebbendste publikasies wat nog op die terrein van die sending verskyn het.

In die derde deel van sy werk handel Bosch indringend oor 'n hele reeks temas wat hy oordeel die konstituerende elemente van 'n ekumeniese sendingteologie is. Hy skets telkens in diepte die ontwikkeling wat elkeen van dié elemente die afgelope twee eeue, maar veral na die laaste Wêreldoorlog deurgegaan het. Daarna kom hy tot 'n slotsom oor wat die betekenis van elke saak in die huidige tydsgewrig vir kerk en sending is. Om elkeen van dié temas volledig genoeg weer te gee en tot 'n kritiese mening daaroor te kom, sou ons baie ver buite die grense en omvang van hierdie artikel voer. Ons stip

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

daarom slegs die belangrikste aan: Sending en kerk; sending as *Missio Dei*; sending en verlossing; sending en geregtigheid; sending as evangelisasie; sending as kontekstualisering; sending as bevryding; sending as inkulturasie; sending as getuienis; sending as diens van die hele kerk; sending as getuienis tot mense van ander godsdienste; sending as teologie en sending as daad van hoop.

Sending moet multidimensioneel wees. Liewer as om met logika en analise te werk, moet ons werk met die beelde, sketse, gebeure en metafore wat die Bybel bied (Bosch 1991: 512). Uiteindelik is dit nie die kerk wat sending doen en onderneem nie. Dit is die *Missio Dei* wat die kerk konstitueer (Bosch 1991:519).

'n Verantwoorde en omvattende waardering en kritiek oor die werk van Bosch moet nog geskryf word. Maar wie wil nadink en praat oor die roeping van die kerk in 'n nuwe Suid-Afrika, sal nie aan hierdie publikasie kan verbygaan nie.

## 3. WYER AGTERGROND EN RAAMWERK WAARBINNE DIE VERANDERINGE IN SUID-AFRIKA AFSPEEL

In hierdie verband wil ek in die besonder aandag vra vir die gedagtegang van Bosch in hoofstukke 10 en 11 van *Transforming Mission*. Hierdie hoofstukke kan as inleiding op deel 3 van die werk, waar gehandel word oor 'n ekumeniese sendingparadigma, beskou word (Bosch 1991:349-367).

In elke historiese periode van die laaste tweeduisend jaar is die sendingvisie en -werk van die kerk beïnvloed deur die konteks waarin Christene moes leef en werk. Nuwe paradigmas ontstaan nie oornag nie. Dit neem dekades en soms eeue om nuwe kontoere te ontwikkel.

Verskeie faktore het tot die verkrummeling van die Verligtingsparadigma gelei. Die Cartesiaanse en Newtoniaanse rasionalistiese oorheersing van wetenskap en tegnologie (wetenskap naamlik wat gelyk is aan akkurate kennis, absoluut kontroleerbare data) is sedert Einstein tot in sy fondamente geskok. Dié wetenskapsopvatting het ook in die teologie gegeld.

Die skok was so geweldig dat Werner Heisenberg gesê het dat die fondamente van die wetenskap begin beweeg het en dat daar van heel voor af begin sal moet word. Twee wêreldoorloë sou bydra tot die verkrummeling van die naïewe realisme. In die teologie was Karl Barth se teologie van krisis die eerste om met die liberale teologiese tradisie te breek en 'n nuwe paradigma te vorm.

Mettertyd het die Weste al meer in die moeilikheid geraak met sy verstaan van die werklikheid. Dit is tussen die twee wêreldoorloë deur Oswald Sprengler onder woorde gebring.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Nou is nie meer aanvaar dat die rede, en die rede alleen, ons in staat stel om normatiewe uitsprake te maak nie (Guardini, Horkheimer, Adorno, Habermas). 'n Meer fundamentele kritiek op die Verligtingsparadigma het van Polanyi en Kuhn gekom. Die belangrikheid van die geskiedenis, die menslike subjek en die sosiale groep word beklemtoon. Wetenskapsteorie, geskiedenis, sosiologie en hermeneutiek gaan hand aan hand. 'n Nuwe visie ontwikkel wat sowel die menslike as die natuurwetenskappe sou beïnvloed. In dié verband wys Bosch daarop dat die groot wêreldgodsdienste toe nie verdwyn het, soos J Warneck en andere voorspel het nie, maar inteendeel tans 'n sterk oplewing toon.

Dit is egter ook waar van die Christelike godsdiens en daar is verskillende redes vir dié verskynsel. Een rede is dat daar 'n vlug in pseudo-godsdiens is omdat die druk en uitdagings wat oor samelewings gekom het, nie gehanteer kan word nie. Dit lei tot 'n indiwidualisering of 'n privatisering van die geloof. Of dit maak van godsdiens 'n verbruiksartikel om die verkrummeling van die samelewing te probeer keer.

Die Verligting se eng persepsie van rasionaliteit word nie meer beskou as 'n betroubare hoeksteen om lewe en gemeenskap op te bou nie. Die opjektiwistiese raamwerk van die Verligitng het tot ernstige reduksie gelei. Rasionaliteit moet verbreed word. Een manier om dit te doen, is om te besef dat taal nie absoluut akkuraat kan wees nie en dat dit daarom onmoontlik is om wetenskaplike wette of teologiese waarhede absoluut en finaal te omlyn. Dié erkenning het gelei tot die herwaardering van die rol van die metafoor, mite, analogie, teken, simbool, lank verag deur dié wat net geïnteresseerd was in eksakte uitsprake van die rede.

Dit het onder andere gelei tot die opbloei van belangstelling, veral in Derde Wêreldkerke, in narratiewe teologie, teologie as storie en ander *nonconceptual*-vorms van teologisering.

Ware redelikheid sluit ervaring in. Dit is waar die betekenis van Friedrich Schleiermacher se teologiese benadering gelê het, asook dié van die Pentekostalisme, die charismatiese beweging en baie ander verskynsels van *experiential religion*.

Die rede en die rasionale moet dus nie toaal verwerp of ontbind word nie. Die beste moet gehaal word uit die moderne wetenskap, filosofie, literêre kritiek, historiese metode en sosiale analise. In die lig van alles moet ons teologiese verstaan deurdink en nogeens deurdink word, sê Bosch. Die kritiese krag van die Verligting moet behou word, maar die reduksionisme daarvan moet verwerp word. Rasionalisasie moet so verbreed word dat godsdiens geïnkorporeer word in die totale werklikheid.

Die Verligting het rampspoedige gevolge gehad. Dit eindig in 'n visie wat die wêreld sien as geslote, voltooid, onveranderlik, eenvoudig en sonder misterie; 'n geprogrammeerde masjien. In plaas van mense te bevry, is hulle verslaaf. Die masjien

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

het menslike slawe vervang. Maar toe word mense die slawe van die masjien. Produksie word die hoogste doel van die menslike bestaan. Die Verligting het sowel die natuur as menslikheid totaal misgeïnterpreteer. Daarvan is ook die ekologiese krisis 'n gevolg.

'n Basiese heroriëntering is nodig. Ons moet holisties dink eerder as analities. Ons moet saamwees beklemtoon eerder as afstand en geskeidenheid. Ons moet deur die dualisme van liggaam en gees, subjek en objek breek. Ons moet simbiose beklemtoon. Dit alles het vir die kerk en sy sending verstrekkende gevolge. Mens en natuur kan nie langer hanteer word as blote objekte, manipuleerbaar en uitbuitbaar deur andere nie.

Sowel kolonialisme as die ontwikkelingsprogramme (polities en kerklik) van die jare sestig was resultaat van die Verligting se progressiewe denke. Die gevolge van die ontwikkelingsprogram is toenemend deur denkers uit die Derde Wêreld bejeën as die teendeel van sy bedoeling: Rykes word ryker en armes armer. Onderontwikkeling is nie 'n voorstadium van ontwikkeling nie, maar die gevolge daarvan. Die vyand is nie die gebrek aan teologiese *know how* nie, maar een struktuur van natuurlike mag wat ander mense eksploiteer, uitbuit en vernietig. Die probleem is dus nie die verhouding tussen agterlikheid en ontwikkeling nie, maar tussen afhanklikheid en bevryding. Gelykheid sal nie kom deur rykdom van die rykes af te wentel na die armes toe nie, maar deur die omverwerping van die hele huidige internasionale sisteem.

Fundamenteel tot die Verligtingsparadigma was die radikale onderskeiding tussen feite en waardes. Dié hele konstruksie het verkrummel. So ook die mure wat positiwisme en empirisme tussen subjek en objek opgerig het. Woordvoerders uit die Derde Wêreld het toenemend die werklike neutraliteit van die wetenskapsbeoefening van die Verligtingsparadigma bevraagteken. Wie se belange dien dit? Volgens hulle is die moderne wetenskap gebou op die kulturele en imperiale aannames van die Weste. Dit is 'n werktuig van eksploitasie.

Daar is nie absolute feite nie, slegs geïnterpreteerde feite. Al die groot ideologieë van die twintigste eeu was slegs moontlik binne die raamwerk van die Verligting. Die ideologie paradeer graag in die gewaad van die wetenskap en beroep hom op objektiewe rede. Die ideologie eksploiteer al die wetenskaplike tegnieke om te oortuig dat dit objektief waar is. In feite egter is alle ideologieë valse godsdiens.

Dié hele ontwikkeling onderstreep die krisis waarin die Verligting beland het. Objektiwiteit het geblyk 'n illusie en vals ideaal te wees.

Bosch sê na al dié ervaringe sal ons onverantwoordelik wees as ons nie krities is ten opsigte van ons self en ons eie verwysingsraamwerk nie. Ons moet waak daarteen om, bevry van die waan van objektiwiteit, te verval in ongekontroleerde subjektiwisme. Waarheid verskil van wat ons gedink het dit is.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Vandag word erken dat al die groot skemas van die Westerse wêreld verkrummel het. Nihilisme is die gevolg. Deel van die ineenstorting was ook die onkritiese toejuiging van elke vorm van verandering, vernuwing en bevryding van die sestiger- en sewentigerjare. Dit het gelei tot nihilisme, want die geloof om te glo wat jy wil, lei geleidelik tot geen geloof. Oral word tans gesoek na nuwe betekenis. Hier, sê Bosch, het die kerk opnuut geleentheid om die Bybelse visie van die koninkryk van God te stel.

Hy sê wat eerstens nodig is, is om teenoor die verheerliking van die outonomie van die indiwidu ander waardes te stel: oortuiging en toewyding, die bereidheid om standpunt in te neem. Daarsonder kan geen mens nie. Toleransie is nie net 'n deug nie. Wat verder nodig is, is gemeenskap, interafhanklikheid, simbiose.

Tans word in alle dissiplines, ook die teologie, gegrawe en getoets. Dit toon dat ons midde-in 'n belangrike paradigmaverskuiwing verkeer. Omdat al die moderne akademiese dissiplines Westerse produkte en fenomene is, is dit veral die Weste wat hom midde-in hierdie krisis bevind. Die moderne gode van die Weste het hulle invloed verloor en die Westerse wêreld is tot in sy fondamente geskud.

Dit is ondenkbaar, sê Bosch, dat die Christelike Kerk, die teologie en die sending nie hierdeur geraak sou word nie. Gelyktydig daarmee ontplooi Islam as 'n formidabele mag in baie wêrelddele en bied hewiger weerstand teen Christelike beïnvloeding as ooit tevore.

Dit is teen hierdie agtergronde en ook in die huidige stemming van dialoog met aanhangers van ander godsdienste dat al meer teoloë en sendelinge twyfel oor die sin om met die evangelie na die uiteindes van die aarde te gaan. Waarom, as die mense in elk geval gered word? Daarom ook is die sendeling in die jonger kerke nie meer so 'n sentrale figuur nie, eerder iets van 'n verleentheid.

Moet kerk en sending kapituleer? Of verbete op die verdediging gaan? Of tog dalk kreatief geantwoord kry op die uitdagings?

Die kerk leef tans in 'n wêreld wat fundamenteel verskil van alles van vroeër. Sending sal van nuuts af aan verstaan moet word. Die sending leef tans tussen 'n paradigma wat nie meer bevredig nie en een wat nog vormloos en ondeursigtig is. So 'n tyd is 'n tyd van krisis en spanning; krisis in die sin van die punt waar gevaar en geleentheid ontmoet.

In paradigmaverskuiwings is daar altyd kontinuïteit en verandering. Dit is ewolusionêr en rewolusionêr. En gewoonlik volg twee reaksies daarop. Sommige opponeer dit verbete omdat ervaar word dat alles wat waarde het vernietig word. Ander oorreageer en wil totaal breek met alles in die verlede.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Bosch sê dat soos altyd, tree daar ook tans woordvoerders vir albei reaksies na vore; so byvoorbeeld die *New Age Movement* wat wil breek met alles (*clean-state approach*) en 'n alternatief vir die Christelike wil bied.

Bosch pleit daarvoor dat kreatiewe spanning tussen die oue en die nuwe behou moet word. Die agenda moet een wees van hervorming, nie van vervanging nie. So sien hy ook sy eie gedagtes oor 'n ontwikkelende ekumeniese paradigma. Hy het geen intensie om die nuwe ter vervanging van die oue te propageer nie. Wat nodig is, is dat in 'n nuwe situasie sending op nuwe, vindingryke wyse aangepak moet word. Alle sentrifugale en sentripetale kragte moet in berekening kom: eenheid versus diversiteit; divergensie versus integrasie; pluralisme versus holisme. 'n Belangrike element bly dié van kreatiewe spanning: Alleen in die kragveld van klaarblyklike teenoorgesteldes sal ons die weg vind om vir ons eie tyd betekenisvol te teologiseer. Tot sover die gedagtes van Bosch.

## 4. DIE VERANDERINGE IN SUID-AFRIKA

Die epogmakende veranderinge wat die afgelope jare in Suid-Afrika afgespeel het, het nie uit die lug geval nie. Die oorgang van staatsgesag uit die hande van Blankes na Swartes is deel van die proses van ineenstorting van blanke Westerse dominansie.

Die verskuiwings in wetenskapsbeskouing is ook hier in volle swang. Die spore van tendense wat Bosch skets, deurkruis ons eie teologiese arbeid van die afgelope klompie jare: die beskouing oor waarheid, 'n teensin in die beklemtoning van die objektiewe, 'n neiging tot universalisme ten opsigte van die heil in Christus, 'n siniese houding oor die sending, 'n herwaardering van Schleiermacher, die opkoms van 'n metaforiese teologie, akkommodering, 'n afsydigheid van die Reformatoriese Teologie as die paradigma waarbinne ons teologies wil bly beweeg.

Om duidelikheid te kry oor die roeping van die kerk in 'n nuwe konteks, moet die kerk hom deeglik en krities vergewis van wat die verandering werklik is, en waar dit vandaan kom. Daarna kan die kerk vanuit die Bybel opnuut sy roeping in die nuwe konteks probeer bepaal, of in elk geval die bestaande verstaan van sy roeping aan die Bybel gaan toets.

Om die meer direkte gevolge te definieer wat die politieke ontwikkeling in Suid-Afrika vir die kerk het, is nog nie op hierdie stadium so eenvoudig nie. Dit sal waarskynlik tot etlike jare na die volgende verkiesing duur voordat die impak van die verandering enigsins bepaal kan word. Enkele sake, sommige reeds duidelik, ander nog baie vaagweg, kan voorlopig aangestip word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

* Dit staan vas dat die partye en individue waaruit die huidige owerheid gevorm is, vir die meerderhied minder simpatiek teenoor die kerk is (en dalk selfs vyandig) as wat dit in die geval van die vorige owerheid was. Dit beteken baie minder finansiële bevoorregting van die kerk, in elk geval van die Afrikaanse kerke, as in die verlede. Daarop was die Hervormde Kerk in elk geval redelik goed voorbereid.

* Wat die verhouding van die Christelike geloof tot aanhangers van die ander wêreldgodsdienste betref, is daar al lankal nuwe wendinge. Of ons dit bestempel as 'n vorm van sinkretisme, of as 'n herontwaking van die ander godsdienste en veral Islam, of as 'n strewe na godsdiensgelykheid of een godsdiens, of miskien net 'n aanvegting van die alleen-aanspraak op waarheid van Christene, maak nie saak nie. Die nuwe politieke bestel het aan hierdie tendens sterk stimulus verskaf.

* Nog 'n gevolg mag wees dat die Afrikaanse kerke baie meer as in die verlede verdwerg kan raak in die Suid-Afrikaanse samelewing. Na hulle stem en mening sal minder gevra word. Hulle geleenthede oor die media sal krimp. Miskien kan dié kerke wat uit die Afrikaanse kerke se sendingwerk voortgekom het, in dié opsig ander en positiewer ervaringe hê. Die omvattende dekking wat koerante aan die afgelope sinodesittings van dié kerke verleen het, is opmerklik.

* Daar is gehoop dat die priesterskap van die gelowiges in die nuwe situasie sterker tot sy reg sal kom omdat baie verantwoordelikhede en dienste wat in die verlede op sinodale vlak hanteer is, sal terugskuif na die gemeente. Tot dusver is min daarvan gemerk.

* Die Afrikaanse kerke sal hulle moet aanpas in 'n situasie waar hulle gestroop is van steunsels en sekerhede uit die verlede. In die samelewing sal dié kerke al meer in 'n minderheidsituasie verkeer. Om gestroop te word van sekuriteite wat nie wesenlik is nie, is vir die kerk geen skade nie. Inteendeel, dit is genesend. Dat die kerk gedwing word om ook in finansiële opsig sy weg onafhanklik van staatsteun te gaan, hou op die duur baie meer goed as kwaad in, hoe beklemmend en ontwrigtend die situasie op die oomblik ook al ervaar mag word. Die Afrikaanse kerke se sending- en dogterkerke verkeer in dié opsig waarskynlkik in 'n situasie wat baie verskil. Dié kerke ken van hulle geboorte-uur af die nood, maar ook daarom juis die krag van kerkwees in 'n minderheids- en vyandige situasie. Dié kerke het ook nooit iets geken soos finansiële bevoorregting van staatskant nie. Vir al dié kerke bied die nuwe situasie enorme geleentheid.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

* Dit is te hope dat die Afrikaanse kerke in die toekoms minder as in die verlede die prooi van onderlinge kerkisme sal wees. Die enorme en oorheersende invloed wat lidmate en ampsdraers uit veral die Nederduitse Gereformeerde Kerk in alle owerheidsektore gehad het, sal mettertyd verdwyn. Wat vorentoe verwag kan word, is miskien eerder 'n vorm van diskriminasie teen die kerk as kerkisme.

* 'n Mens wil ook hoop en bid dat die nuwe situasie tot gevolg sal hê dat politieke bevangenheid, vooroordeel en agterdog baie minder ons kerklike lewe sal ontsier en ons onderlinge kerklike verhoudings sal vertroebel. Dié politieke bevangenheid het 'n siektetoestand veroorsaak wat nie net die kerk se getuienis teenoor die owerheid ernstig gestrem het nie maar ook die toelogiese debat in die kerk.

## 5. DIE ROEPING VAN DIE KERK IN 'N NUWE SITUASIE

Dit is logies om, as daar gepraat word oor die roeping van die kerk in 'n nuwe situasie, nie net 'n ontleding van die situasie te probeer maak nie, maar ook te luister na wat die Hervormde Kerk oor sy eie verstaan van sy roeping in sy Kerkwet sê. Artikel IV van die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde kerk lui byvoorbeeld soos volg:

> **Artikel IV**
>
> Die opdrag van Christus aan sy kerk is om:
>
> a. die Woord van God aan alle mense te verkondig;
> b. die sakramente te bedien;
> c. eredienste te hou en te bid;
> d. barmhartigheid te bewys;
> e. die naam van God in die openbaar te bely;
> f. teenoor owerheid en volk te getuig;
> g. kategetiese onderrig te gee;
> h. herderlike sorg te verrig;
> i. opsig oor die leer en lewe van die gemeentes, ampsdraers en lidmate te hou en tug uit te oefen;
> j. medeverantwoordelik te wees vir die Christelike opvoeding van die kinders van die kerk en volk;
> k. dienaars van die Woord op te lei en te vorm;
> l. teologiese arbeid te verrig;
> m. die algemeenheid en eenheid van die kerk, wat geopenbaar word oral waar Christus geheel en alleen as Heer en Saligmaker bely word, openlik te bely en beleef.
>
> (Kerkwet en Bepalings 1992:2)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Op enkele kleiner verskille na, is die Kerkwet, Artikel IV van die Hervormde Kerk in Suidelike Arika gelykluidend. Dit is opmerklik dat die Kommissie vir Herskrywing van die Kerkorde in die Nederduitsch Hervormde Kerk in sy konsep die huidige Artikel IV oor die roeping van die Kerk laat verval het. Die onderskeie onderdele is onder ander Artikels ingeskuif.

Dit is van lewensbelang dat die Hervormde Kerk in sy Kerkorde sy roeping in die huidige situasie volledig en Bybels-verantwoord sal omlyn. Die tyd is ook ryp dat die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika sy Kerkwet grondig en selfstandig sal hersien. Die handhawing van sy huidige Kerkwet, wat grootliks gebaseer is op dié van die Nederduitsch Hervormde Kerk in 'n situasie wat ook weer totaal verskil, is net so onbevredigend as die Nederduitsch Hervormde Kerk se oorname van die Nederlandse Hervormde Kerk se Kerkwet en dit al vir bykans vyftig jaar.

Verandering van konteks kan nie die roeping van die kerk verander nie. Sommige eise wat tans binne en buite die Nederduitsch Hervormde Kerk gestel word om homself meer aanvaarbaar te kry in 'n nuwe situasie, implisser 'n wysiging in die opdrag en roeping van die kerk. Die kerk moet die evangelie telkens anders verkondig. Maar die kerk mag nie 'n ander evangelie verkondig nie. Verandering van konteks kan die kerk help om sy opdrag steeds beter te verstaan en verandering van paradigma kan telkens ander kerklike strukture en bedieningspatrone vereis. Maar die kerk moet met dieselfde erns seker maak dat hy bly by wat die Bybel oor die roeping van die kerk sê.

Teen dié agtergrond word hier verder volstaan met die volgende paar opmerkings oor die kerk se roeping in die nuwe Suid-Afrikaanse opset.

### 5.1 Die kerk se apostolaat

Hoe die nuwe Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk die saak oor die apostolaat finaal gaan formuleer, weet ons nie nou nie en wil ek daar laat. Maar die Hervormde Kerk behoort *nou*, sonder verdere huiwering en vertraging weens eindelose woordespel en studiewerk, alles in die werk te stel om in sy teologiese opleiding, in pastoraat en kategese 'n sterk apostolaatsbewustheid uit te leef. Dit geld van albei kerke wat by hierdie simposium betrokke is. Die Kerk het 'n enorme uitdaging en unieke geleentheid voor hom. Gemeentes moet besef dat die na binne gerige gespook op oorlewing juis dit wat vermy wil word, onafwendbaar naderbring. Daar moet gerigtheid kom op die wêreld en die nasies. Kerklike strukture en bepalings wat hinder, moet opgeruim word.

Die kerk moet in gehoorsaamheid aan Christus se bevel met die evangelie na al die nasies gaan. In dié verband moet die kerk sendingterreine identifiseer en aan die werk kom. Die Hervormde kerklike tradisie wat op hierdie simposium verteenwoordig is,

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

het oor honderd en vyftig jaar 'n klad op sy naam gebring met onwilligheid, verskonings en huiwering in hierdie saak. Kom ons onderneem voor God en teenoor mekaar dat ons dit nie 'n dag langer wil laat voortduur nie. Die branding van die tyd waarin ons ons bevind, sluit ander gesindhede uit.

Die anachroniese en vrugtelose onderskeiding tussen sending en evangelisasie moet laat vaar word. Gemeentes moet die heidendom in eie omgewing raaksien en die Here se opdrag gehoorsaam.

Die kerk moet, al is dit deur 'n ondersoek, vasstel of die bewerings oor vervlakking en verswakking van die prediking waar is. Indien wel, moet die kerk nie huiwer om die vinger op die seerplek te druk en te doen wat nodig is vir genesing nie.

Die teologiese opleidings moet oorweeg of daar bevredigende balans is tussen teologiese vorming en arbeid en die opleiding van predikante vir die kerk. Die indruk bestaan dat predikante weens 'n aversie in wat ervaar word as teologiese bombasme en hooghartigheid nie meer wil en kan deelneem aan debatvoering nie en wat die prediking betref, uitvlug soek in vlak charismatiese of ander makliker uitweë.

Die kerk is die draer van God se geheimenis na die wêreld en al die nasies toe. Die kerk is die verkondiger van die ryke verskeidenheid van God se liefde en wysheid aan owerhede en magte. God gee aan ons kerke in Suid-Afrika 'n onverwagse, nuwe prikkelende geleentheid daartoe. Maar dan moet ons die kerk se sendingopdrag nie resloos laat opgaan in nasiebou en die skepping van 'n nuwe gemeenskap nie (Mosoma 1991:31).

## 5.2 Die kerk se getuienis

Die Hervormde Kerk het in die verlede redelik gemaklik gepraat oor sy verantwoordelikheid om voor owerheid en volk te getuig en om die eis te stel dat die samelewing ingerig word volgens die beloftes en die wil van God. Dié verantwoordelikehid het skielik dieper betekenis en wyer dimensies gekry.

Daar is uit die verlede sterk en suiwer getuienisse teenoor die owerheid. Maar in baie gevalle was die kontak met die owerheid net 'n gesprek om kerklike voorregte en belange te dien.

Wanneer die Kerk hom nou en in die toekoms tot die owerheid rig, sal dit gaan om die getuienis dat Jesus Christus die Here is. Op die horison verskyn die realiteit dat die kerk se getuienis in Suid-Afrika die dimensie sal bereik wat dit volgens die Bybel altyd moes hê: Dat getuie-wees die inset van jou hele lewe eis; dat getuie-wees vir Jesus Christus gepaard kan gaan met lyding en martelaarskap. Dat die getuienis op sy sterkste is wanneer die getuie 'n swak en magtelose verteenwoordiger van die boodskap is, is van die diep geheimenisse wat die Bybel openbaar. Die openbaring van dié geheimenis vind sy hoogtepunt in die ballingskap van Israel en in Jesus aan die kruis.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Menslik gesproke is daar rede voor om te meen dat die kerk sterk sal kan getuig as hy self sterk en in aansien is. Die Bybel en die Kerkgeskiedenis toon die teendeel.

Die Kerk se getuienis teenoor die owerheid is in die verlede dikwels gekelder deur die politieke bevangenheid van sy lidmate. So was dit ook met die eise om die samelewing in te rig volgens die beloftes en die wil van God. Getuienisse van die kerk word nie as sodanig gelees en aanvaar nie, maar as politieke stellingname. Geïntimideer daardeur bly die kerk liewer stil. Die nuwe situasie bring daarin verandering.

### 5.3 Die kerk se lewe

Die kerk moet sensitief wees daarvoor dat sy lewe voor 'n wêreld afspeel wat tot 'n groot mate heidens is. Die Bybel is skerp in sy uitsprake dat die kerk en sy mense se lewe nie so moet wees dat daar onder die heidene van hulle kwaad gepraat word nie. Die ware heiligmaking is die ander groot weeskind in die Nederduitsch Hervormde Kerk. Ons staan eties so broos en naak voor God en mens soos ons, wat die asspostolaat betref, daar staan.

Geroepe dienaars van die Woord wat in hulle tientalle die bediening verlaat, self of na ontheffing, vul lidmate met twyfel oor kerk en amp en geloof en laat hulle met ontnugtering. En die wêreld en die media kyk en lag geamuseerd toe.

Die kerk se lewe word ontsier deur politiekery, bose agterdog teen mekaar, partyskap en liefdeloosheid. Die kerk moet tot sy sinne kom en 'n lig in die wêreld wees of die donker in hierdie land en wêreld gaan hom verswelg en die oordeel van God sal oor hom kom. Die kerk moet duidelik en met vrymoedigheid getuig vir 'n samelewing waarin orde en Christelike norme eerbiedig word en waarin 'n Christelike lewenswandel vir dié wat dit verkies, moontlik is. Maar wat die kerk vir ander preek, moet ook waar wees van homself en sy lidmate.

## 6. ENKELE SLOTOPMERKINGS

* Terwyl die kerk die veranderde situasies in die land diepgaande ontleed en hom ten opsigte van sy roeping daarop rig, moet die kerk nie nalaat om ander probleemvelde raak te sien en dit ook teologies en kerklik te hanteer nie. Een van dié sake wat ewe groot uitdaging aan die kerk stel, is die groeiende verset teen die formele van gebruike, erediens, liturgie en kerkwees in die algemeen by die hedendaagse mens. En gepaardgaande daarmee die wegvloei van lidmate na die charismatiese groepe. Die verkeerde antwoord daarop is myns insiens om al die eise te probeer akkommodeer en daarby aan te pas. Dit is oor en oor bewys: Dié eise word nie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

bevredig nie, maar lei tot meer en meer. Die enigste regte antwoord is om erediens en liturgie voortdurend te reformeer en te vernuwe na die eise van God se Woord.

* 'n Kritiese vraag: Is die teologie in Suid-Afrika nie reeds beïnvloed en selfs verkneg deur 'n postmoderne filosofie nie? Dit is maklik om mekaar oor kritiese vrae te verkleineer. Maar dit sal verantwoordelik wees om ter wille van kerk en geloof se gesondheid en die heil van mense, dié vrae te beantwoord.

En is die nuwe paradigma wat besig is om te verskyn, 'n ekumeniese? Kerk en teologie sal dié saak baie krities moet weeg. Toets ons die postmoderne filosofie en die ekumeniese teologie se uitsprake skerp genoeg aan die Skrif, of praat ons dit na? As in 'n debat oor die verhouding van die Christelike geloof tot mense van ander godsdienste gesê word dat *vir ons* as Christene daar net een God is? Maar daar *is* net een God. Moet die kerk nie juis dit in die huidige Suid-Afrika duidelik getuig en verkondig nie.

Ons kan dankbaar wees dat kerk en geloof verlos is van die objektiwiteitswaan van die Verligting. 'n Fundamentalistiese beskouing oor Skrif en waarheid laat die kerk en die gelowige kwesbaar en weerloos in die wêreld. Net so is dit ook met die rasionalisme. Ons staan altyd sterker as ons op God wag as wanneer ons meen dat ons God besit. Daar is gewys op die valsheid van die objektiwiteitswaan van die *Aufklärung* en dat dit maklik is om, verlos daarvan, in 'n nuwe subjektiwisme te verval. Maar daar is nog ander teenreaksies ook wat om die hoek kom loer: dié van skeptisisme en relatiwisme. Dryf dít nie baie predikante in 'n vlug in charismatiese gemaklikheid nie? Dit is goed en nodig om te moes ontdek dat waarheid iets anders is as wat ons gedink het. Maar ons moet oppas dat ons nie later dink dat daar nie waarheid is nie.

* Die kerk moet daarteen waak om vanuit 'n ervaring van bedreigdheid in verbete opposisie te gaan teen die felle veranderings en verskuiwings van hierdie tyd. Die kerk moet liewer krities ingaan op elke nuwe situasie en dan kreatief op die uitdagings antwoord.

Terselfdertyd moet die kerk nie die wil en die moed verloor om in alle kwessies van leer en lewe te bly getuig van wat hy as die wil van God uit die Bybel verneem nie. Ons houding en optrede weerspieël soms 'n mentaliteit van: Ons moet saam met die stroom en die meerderheid omdat die meerderheid noodwendig altyd reg


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

is. Ons is bereid om ons oortuigings te wring en te draai, te buig en aan te pas tot-dat die skerp kante daarvan af is en ons aanvaarbaar is in die breë stroom. In dié opsig was die sterk getuienis van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika op sy vorige Algemene Kerkvergadering oor verskeie brandende etiese vraagstukke bemoedigend.

Daar is groot vrees dat die kerk sy relevansie in die nuwe Suid-Afrikaanse opset kan verloor en op 'n syspoor gerangeer kan word. Terwyl die kerk en die teologie alles doen om die nuwe situasie te peil en kreatief daarop te reageer, moet die kerk bly onthou dat sy enigste wesenlike relevansie geleë is in die suiwer verkondiging van díe volle raad van God.

* Die komende Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk gedurende Junie 1995 sal bewustelik moet besluit of hy wil volstaan met sy sending op volksgerigte wyse en of hy terselfdertyd wil begin met 'n multikulturele sendingpraktyk waar al sy lidmate opgeroep word tot sending in eie omgewing, ook onder die ander rasse in die land; en hoe hy dan bekeerlinge van hierdie arbeid kerklik wil akkommodeer.

'n Ernstige vraag: Is ons gerat om die nuwe situasie te hanteer? Kommer word dik-wels uitgespreek oor die verskynsel dat predikante soms doodtevrede is om die eie gemeentesituasie net te beveilig as 'n veilige oorlewingsplek met baie min interesse in die brandinge en spanninge van tyd en wêreld. Gaan ontleed maar die deelname van predikante aan die besprekings tydens predikantevergaderings en simposia; daarom die onbedaarlike gekla oor moeilike en onverstaanbare taalgebruik in kerklike en teologiese tydskrifte. Maar hoe moet ons die nuwe situasie aandurf met sulke slap hande en lam knieë?

* Kerk en teologie moet baie skerp ingestel bly op die gevaarlike moontlikheid wat soveel keer in die gang van die kerkgeskiedenis 'n realiteit geword het: Om naam-lik meegesleur te word in die stroom van 'n nuwe of moderne tydgees. Teoloë wat erns maak met die uiters belangrike tema van hoe die evangelie in hierdie ver-anderde situasie verkondig moet word, sal dié saak beter dien as hulle vertroue bly inboesem oor hulle verbondenheid aan die kerk se verstaan van die Woord, soos uitgedruk in sy belydenis.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Terselfdertyd moet teoloë wat die verbondenheid aan die kerk se belydenis verwoord, nie met ondeurdagte of slordige formulerings die verdenking van konfessionalisme en ortodoksisme maklik maak nie. Oor dié nuanses is reeds voorlopige, maar tog baie vrugbare nadenke gedoen (kyk Van Aarde 1993a:5; 1993b:5; 1993c:5; 1994:5; Pont 1994:5; Van Wyk 1994:5).

Kerk en wêreld — dit is die twee pole waartussen die sending beweeg. Sending is die gerigtheid, die betrokkenheid van die kerk op die wêreld, die gang van die kerk na die wêreld, die diens van die kerk aan die wêreld. Soms is daar in hierdie verhouding te veel kerk. Dan stel die kerk hom in hoogmoed en afsondering teenoor die wêreld op. Die wêreld moet oorwin, verower word. Dan weer is daar in dié verhouding te veel wêreld. Die kerk word wêreld, tot dié mate dat hy sy roeping volledig met die agenda van die wêreld verwar. En die kerk bly 'n swak agent om die wêreld se agenda uit te voer. In albei gevalle kan die kerk nie meer sy diens en roeping aan die wêreld vevul nie.

Die kerk moet sy roeping in solidariteit met die wêreld vervul. Terselfdertyd moet die kerk wesenlik anders as die wêreld bly. In dié spanning moet die kerk voortleef tot by die wederkoms.

## Literatuurverwysings


Bosch, D J 1979. *Heil vir die wêreld.* Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Bosch, D J 1991. *Transforming Mission. Paradigm shifts in Theology of Mission.* New York: Orbis Books

Mosoma, D L 1991. The mission of the church in a changing South Africa. *Theologia Evangelica* 24/3, 31-36.

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Kerkwet en Bepalings 1993. Pretoria-Wes: Gutenberg.

Pont, A D 1994. Oor 'n teologie vir die derde millenium. *Die Hervormer* 1 Mei 1994, bl 5.

Van Aarde, A G 1993a. Paradigmaveranderinge: Wat word daarmee bedoel? *Die Hervormer* 15 November 1993, bl 5.

——— 1993b. Moderniteit en postmoderniteit — Westerse samelewing by kruispunt. *Die Hervormer* 1 Desember 1993, bl 5.

——— 1993c. Teologie vir die derde millennium. *Die Hervormer* 1 Februarie 1994, bl 5.

——— 1994. Die Ned Hervormde Kerk op pad na die 21ste eeu. *Die Hervormer* 15 Februarie 1994, bl 5.

Van Wyk, I W C 1994. Die rol van die kerk in die nuwe Suid-Afrika. *Die Hervormer* 15 Junie 1994, bl 5.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services